DIE ONTWIKKELINGSMAATSKAPPY

Die doel van die Ontwikkelingmaatskappy is om die handel en die ekonomie van die ontwikkeling te behartig. Die besigheidsplan wat ons voorstel, sal maklik vernietig kan word deur "praktiese" mense. Geen oplossing vir die huidige situasie is moontlik as ons die probleem net prakties benader nie. Geen oplossing is ook moontlik as ons die probleem net op 'n geestelike vlak benader nie. Daarom is dit nodig om alternatiewe planne saam te voeg met die konsep. Ons moet wyer dink as net die praktyk. Dit is hier waar die skeidslyn tussen prakties en geloof is. As die projek geseënd is, sal dit slaag met harde werk - dit is die geloofstoets. Baie "praktiese" leiers in die land het groot mag en dit sal vir hulle maklik wees om die projek te vernietig. Ons smeek hulle dat hulle dit asseblief nie sal doen nie!

Gee hierdie projek 'n kans. Laat al die belanghebbenes as wenners van die veld stap. Kom ons verwyder die angel uit die politieke situasie en ons leef as vrygekooptes. Die onmoontlikheid om te begryp hoe handel en nywerheid die ontwikkeling kan laat geboorte gee, moenie in ons pad staan nie. Laat ons dade die ongelowiges onder ons oortuig dat dit die wenplan is. Die grootste gevaar is dat ons so visieloos en so verneder is dat ons met graagte 'n juk sal dra wat swaar en hard is, terwyl die belofte die teenoorgestelde is. Ons glo dat daar 'n opregte behoefte by ons mense is om hulle status te verander; die voertuig kan onmiddellik aan die gang gesit word. Ons benodig net samewerking.

Die Ontwikkelingsmaatsakppy is gedeeltelik gemodelleer met die fokus op reuse grondontwikkeling. Sy tweede been is om handel en nywerheid te ontwikkel. Die Ontwikkelingsmaatskappy is 'n organisasie wat oorgang en vernuwing as sy doelstelling het. Dit is 'n besigheidsorganisasie en moet onderskei word van die Ontwikkelingsraad. Die Ontwikkelingsmaatskappy kan ook verantwoordelik wees om alle bates van die voornemende "emigreerders" wat in Suid-Afrika is, te administreer om sodoende te verhoed dat daar 'n ineenstorting van markte plaasvind.

Die Ontwikkelingsmaatskappy kan hom beywer vir die ordentlike verkoop van die bates van die persone wat reeds na die ontwikkeling verhuis het. Huise, plase en besighede wat nie onmiddellik verkoop kan word nie, kan verhuur word. Die Ontwikkelingsmaatskappy sal omsien na die belange en bates wat hul beheer. Hierdie maatskappy sal egter poog om alle bates na kontant om te skakel. Hy kan eiendomme in Suid-Afrika omruil vir eiendomme in die ontwikkeling op 'n netto bate-waarde. Ontwikkelaars in Suid-Afrika en die res van die wêreld kan in vennootskap met die Ontwikkelingsmaatskappy eiendomme ontwikkel in die gebied. Die Ontwikkelingsmaatskappy sal ook optree as sy eie ontwikkelaar en veral konsentreer op die ontwikkeling van dienste en ook die infrastruktuur.

Die Ontwikkelingsmaatskappy in samewerking met EOFSA sal ook die bemarking van die hele projek hanteer.

SEKURITEIT VAN DIE ONTWIKKELINGSMAATSKAPPY

Die Ontwikkelingsmaatskappy sal erkende en betroubare sakeleiers as direksielede vir die maatskappy werf. Niemand kry groot salarisse nie, maar deel wel in dividende. Die direksie ontvang, net soos die eerste inwoners, eiendom van gelyke waarde vir gelyke dienste gelewer. Die konsep is geen voertuig om multi-miljoenêrs van hulle te maak nie, maar om mense wat in groot nood en gevaar verkeer, te help. **Dit is 'n bediening en nie 'n self-verrykkingsprojek nie.** Die Ontwikkelings- maatskappy sal die enigste en die grootste vervoerkontrakteur, die grootste bou maatskappy, die grootste handelsmaatskappy, ensovoorts, wees. Die wêreld se regerings- en liefdadigheidsorganisasies is altyd gereed en angstig om *matching capital* te verskaf vir projekte wat bewys lewer dat hulle in die beste belang van alle groepe optree. Privaat ontwikkelaars en finansiers sal dit ook moeilik vind om nie die projek te ondersteun nie. Die eiendomsontwikkeling sal deur afgetrede stadsbeplanners, ingenieurs, argitekte, studente ens., gedoen word. Dit sal verseker dat die ontwikkelde erwe teen ongekende winskope op die mark geplaas kan word. Ons sal egter geen eiendom verniet weggee nie, want dit sal onsself benadeel en dit is defnitief nie die oogmerk van hierdie projek nie.

'n Streng beleid van 'n zero toleransie van korrupsie en misdaad sal gevolg word. Na die aanvanklike vestiging van die ontwikkeling, wat ongeveer 5 tot 7 jaar sal duur, sal die deure oopgegooi word en die projek kan dan op 'n gewone vryemark-meganisme bedryf word. Staatkundige aangeleenthede kan dan ook aandag kry, na gelang van die omstandighede wat dan in die land heers. In die ontwikkeling sal daar egter 'n gees van vryheid, gelykheid en voorspoed heers.

Ons sal poog om enige grootskaalse plundering van die land in die toekoms vry te spring. Die samevoeging van ons ekonomiese krag sal ook weer vir ons politieke mag besorg, nie vir militêre oogmerke nie, maar om as gelyke vennote te onderhandel vir dit wat regverdig en billik is. Alhoewel ons steeds die minderheid sal wees, sal ons nie die lewe van 'n minderheid hoef te lei nie. Hierdie proses kan nie omgekeer word nie. Dit is eers ekonomiese krag en dan volg politieke gesag om ons eie sake te bestuur. Dit is uiters belangrik dat goeie verhoudinge met almal gehandhaaf sal word. Die ontwikkeling sal nie deur grootskaalse verskuiwing van anders-kleuriges bedreig word nie, want daar is geen voordeel vir hulle nie. Ons sal ook nie beskuldig kan word van rassisme nie, nie solank as wat swart bemagtiging en regstellende aksie op die wetboeke van Suid-Afrika is nie. Ons ontwikkeling het ook niks te doen met apartheid nie, want ons ontwikkeling is vir die toekoms, vir ons jeug wat in die eerste plek nog nooit iets met apartheid te doen gehad het nie. Ons vryheid en reg om te assosieer word in die grondwet gewaarborg.